**Donderdag 27 Julie**
**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-5**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3 (AFR53)**
**Loof God vir ons lewende hoop in Christus**

Dit is vir die mens onmoontlik om sonder hoop in hierdie wêreld te leef. Hoop stel ons in staat om elke dag op te staan en aan te gaan met ons lewe en werk, ten spyte van al ons seer, vrees, bekommernis en gebrokenheid. Ongelukkig is die hoop wat die dinge van die wêreld ons kan bied, soos ’n vakansie, welvaart, beterskap of geluk, net tydelik.

Maar die Christen het ’n ander tipe hoop as wat die wêreld kan bied. Hierdie hoop is die lewende hoop wat ons in ons Here Jesus Christus het! Wat hierdie hoop so drasties anders maak, is dat dit nie soos die hoop wat die wêreld bied, net ’n moontlikheid is nie. Die lewende hoop in Jesus is ’n absolute sekerheid. Dit is gegrond in Jesus se oorwinning oor die dood en sy belofte dat Hy weer sal terugkom.

Hierdie hoop waarmee ons lewe, is die sekerheid dat ons wat in Jesus is ook met sy wederkoms uit die dood sal opstaan. Ons kry aan hierdie hoop deel wanneer ons deur die kragvolle werking van die Heilige Gees weer gebore word sodat ons ons nuwe lewe in Christus kan kry.

Die hoop wat ons op hierdie manier ontvang, is vas en seker. Dit word vir ons in die hemel bewaar, sodat daar niks is wat daaraan skade kan doen nie – geen sonde, dood of boosheid sal dit ooit kan aanraak nie. Ons moet daarom elke dag van ons lewens aan hierdie lewende hoop in geloof vashou. Dit maak nie saak hoe hopeloos of ellendig dinge in ons lewens mag lyk nie, as ons ons lewende hoop in Jesus Christus het, sal ons altyd met vreugde kan lewe. Daarom moet ons elke dag God loof vir hierdie groot, hoopvolle sekerheid vat ons het in ons Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 42-1:5, 7*

*Ds. P Hattingh (Philip) (Bloemhof/Christiana)*